

SUID-AFRIKAANSE BISLEY UNIE

BAANOFFISIERE HANDLEIDING



VOORWOORD

Die veranderende omstandighede in ons land en ook veral in die sportwêreld het aanleiding gegee tot die dokument. In besonder die uitwerking wat al die veranderinge op ons sport as Bisley het. Die sport was in die verlede meer deur militêre reëls en regulasies beheer as gevolg van die feit dat 'n oorgrote meerderheid skuts in die verlede uit Weermag geledere was. Die bane wat gebruik word, is grotendeels Weermag bane. Weermag betrokkenheid het egter afgeneem. Ons transformeer na 'n privaat beheerde, verteenwoordigende sport- instansie wat aan standarde moet voldoen. Die veiligheid van ons sport moet ons primêre taak wees en een van die wyses waarop ons die doel kan bereik, is om gekwalifiseerde Baanoffisier te hê wat doelgerig opgelei is vir ons sport Bisley.

Voorsitter

SABU

AGTERGROND

GEBRUIK VAN BANE

1. Siviele klubs en provinsies wat by SABU geaffilieerd is, mag gebruik maak van bane wat deur die SANW beheer word. Die vereiste is dat die program van die bepaalde baan die gebruik kan akkommodeer.

BEPERKINGS

2. Die gebruik van die bane is voorwaardelik solank as wat die vereistes van die BAAN STAANDE ORDERS nagevolg word en in besonder moet op die volgende gelet word :
 - a. Slegs wapens gebruik word wat vir die baan goedgekeur is.
 - b. Dat die veiligheidsmaatreëls op die baan van dieselfde standaard is as dit wat deur die SANW vereis word.
 - c. Dat enige skietoefening of -kompetisie wat deur SABU of sy geaffilieerde provinsies en klubs deur opgeleide en geregistreerde Baanoffisier beheer word.

BAAN OFFISIERE KURSUS

DOEL

3. Die doel van die SABU Baanoffisiere kursus is om geskikte persone gekwalifiseer te kry as siviele (SABU) Baanoffisiere met spesifieke aandag na die volgende :
 - a. Nakoming en implimentering van voldoende veiligheidsmaatreëls.
 - b. Korrekte prosedures te gebruik op SANW fasiliteite en daardeur die voortbouing van goeie bande met die SANW.
 - c. Handhawing van dissipline op die baan.
 - d. Aanvaarding van verantwoordelikheid van skietoefeninge.
 - e. Die ontwikkeling van algemene standaarde vir die gebruik van bane deur SABU.

VEREISTES

4. Die Baanoffisier is in beheer van en vat ook verantwoordelikheid van alles wat op die baan gebeur. Hiervoor moet hy dus 'n bevoegde persoon wees wat goed ingelig is. Die kursus is dus so opgestel om nie net die nodige inligting te verskaf nie, maar ook om die kennis en vaardigheid te toets van die aansoekers.
5. Na suksesvolle aflegging van die eksamen sal die aansoeker uitgereik word met 'n sertifikaat wat hom kwalifiseer as hulp Baanoffisier en nadat die lid se fisiese vaardighede getoets is, sal die lid dan kwalifiseer as 'n Baanoffisier. Die sertifikaat sal dan geldig wees vir 'n tydperk van ses (6) jaar.
6. Minimum vereistes vir aansoekers is :
 - a. Ondervinding van skiet in die algemeen.
 - b. Verkieslik al ondervinding as hulp Baanoffisier by sy klub gehad het.
 - c. Aansoekers moet deur hulle betrokke klub of provinsie se sekretaris genomineer word as 'n waardige persoon.

BESTEK

7. Hierdie handleiding gee die nodige reëls vir die veilige hantering van skietoefeninge deur SABU en sy geaffilieerde provinsies en klubs op SANW bane. Dit is ook die feitlike basis van die Baanoffisierekursus en riglyne van prosedures wat gevolg moet word.
8. Alhoewel die handleiding opgestel is spesifiek ten opsigte van SANW bane, kan dit in beginsel aangepas word vir gebruik op ander bane waar nodig.

UITLEG VAN DIE HANDLEIDING

9. Hierdie handleiding bestaan uit die volgende hoofstukke :
 - a. **Hoofstuk 1 : Baanbestuur.** Algemene inligting rakende die bestuur van skietoefeninge en skietkompetisies.
 - b. **Hoofstuk 2 : Baanaktiwiteite.** Reëls vir die veilige toepassing van skiet-oefeninge op die baan.
 - c. **Hoofstuk 3 : Vuurwapen Veiligheidsprosedures.** Hanteer die veiligheidsprosedures noodsaaklik vir die veilige hantering en gebruik van vuurwapens.

HOOFSTUK 1 : BAANBESTUUR

ALGEMEEN

1. Geen skietaktiwiteite kan ten volle as veilig gewaarborg word nie. Die beplanning, uitvoering en toesighouding van skietaktiwiteite moet dus deur gekwalifiseerde persone uitgevoer word om die deelnemers se veiligheid te veseker.
2. Voldoende veiligheid kan bereik word deur die volgende :
 - a. Duidelik bepaalde gevaarstrook.
 - b. Voldoende beheer deur die persoon in beheer van die skiet aktiwiteit (Baanoffisier) en waar van toepassing, sy veiligheidsbeamptes.
 - c. Integriteit van individuele skuts vir die veilige hantering van hul vuurwapens.

BEVEL EN BEHEER

3. Die Baanoffisier is ten alle tye in beheer van persone op die vuurpunt en moet verseker dat skietaktiwiteite veilig verloop. Hy is in beheer van die vuurpunt en mag dus nie aan ander aktiwiteite deelneem nie - **dit wil sê die Baanoffisier mag nie self skiet terwyl hy aan diens is nie.**

Nota : dit word voorgestel dat die Baanoffisier maklik uitkenbaar moet wees deur die dra van byvoorbeeld 'n T-hemp of 'n Bib.

4. Die Baanoffisier se primêre verantwoordelikheid is om te verseker dat die baan veilig gebruik word. Hy moet dus vertrouwd wees met die skietprogram en vuurwapens wat gebruik word. Hy moet ook vertrouwd wees met die reëls en regulasies soos vervat in SABU se reëls en die baan orders.

BAAN ORDERS

ALGEMEEN

5. Daar is twee tipes baan orders, naamlik :
 - a. **Baan Staande Orders** : Dek die algemene reëls en regulasies van die baan.
 - b. **Baan orders** : Is spesifiek tot 'n kompetisie se reëls en regulasies binne die riglyne van die Baan Staande Orders.

DOEL

6. Baanorders word geskryf spesifiek vir 'n baan om die volgende te verseker :
 - a. Dat alle voorsorgmaatreëls gespesifiseer is om ongelukke te verhoed teenoor baangebruikers, baan personeel en publiek buitekant die baan.
 - b. Riglyne word verskaf vir gebruikers wat nie met die fasiliteite vertrouwd is nie.
 - c. Gevaarstrook word gespesifiseer.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN BAANOFFISIER

7. Die Baanoffisier moet vertrouwd wees met die spesifieke baan se Baan Orders voordat hy

verantwoordelikheid aanvaar van die skiet aktiwiteit.

8. Die Baanoffisier moet alle deelnemers op die baan inlig ten opsigte van relevante reëls en regulasies soos beskryf in die Baan orders.

ALGEMENE VEILIGHEID

VLAE

9. **Algemeen** : Rooi vlag word gebruik om gevaar aan te dui.
10. **Baangrensvlag** : Waarskuwingsvlag word op die grense van die baan aangebring om aan deelnemers, besoekers en publiek buite die baan aan te dui dat die baan in gebruik is.
11. **Rooi vlag** sal in die skietgat vertoon word om vir die vuurpunt aan te dui dat die baan onveilig is.

OOR BESKERMING

12. Alle baangebruikers wat in die nabye omgewing van die vuurpunt is, moet voldoende oorbeskerming gebruik.
13. Baanoffisiere moet ook die veiligheid van toeskouers in ag neem en waar nodig, toeskouers tereg wys.

MEDIESE STEUN

14. SANW (SANGB) voorsien nie meer in die algemene behoeftes ten opsigte van skiet aktiwiteite nie.
15. As daar wel deur Staande Orders vermeld word dat mediese steun op die baan teenwoordig is, kan daar met die plaaslike mediese kommandement reëlins getref word rakende die vergoeding, indien nodig.
16. Indien geen reëlins bestaan met die SANW of dat die SANW nie diens kan lewer nie, moet die volgende deur die betrokke klub/provinsie voorsien word :
 - a. Noodhulpsak
 - b. 'n Geskikte persoon wat noodhulp kan toepas
 - c. Ambulans/afvoer voertuig wat gereed moet staan.

HOOFSTUK 2 : BAANAKTIWITEITE

ALGEMEEN

1. Vir die veilige aanbieding van 'n skiet aktiwiteit, moet sekere basiese vereistes in plek wees. Die hoofstuk hanteer die basiese vereistes.

GEVAARSTROOK

2. Die gevaarstrook van die hele baan word in die Baan Staande Orders vervat. Dit bepaal hoe hoog die stop wal moet wees, waar die veiligheidsgrense moet wees, ens. Die gevaarstrook waarna nou verwys word, is vir die baan waar op fisies geskiet word.
3. Deelnemers en besoekers moet voor die begin van die skiet aktiwiteit ingelig word oor watter gedeeltes buite perke is.
4. As daar enige voorwerp, hetsy menslik, dier of andersins, in die gebied verskyn, moet aktiwiteit onverwyld gestaak word.

VOORBEREIDING

5. Tydens voorbereiding moet die baan fisies geïnspekteer word en die volgende moet bepaal word :
 - a. Fasiliteite beskikbaar op die baan.
 - b. Teikens wat benodig word en wie verantwoordelik is vir die uithaal en bêre daarvan.
 - c. Toegangsroete na skietgat en skyfhuys.
 - d. Bepaal gevaarstrook.
 - e. Bepaal baan ure vir skietaktiwiteit.
 - f. Enige ander relevante faktore.

OPENINGSPROSEDURE

6. Die dag van die skiet moet die Baanoffisier aanmeld by die baan opsigter of beheerpersoneel.
7. Baanoffisier moet homself vergewis dat die volgende in plek is :
 - a. Kondisie van skietgat.
 - b. Skyframe se beweging.
 - c. Kondisie van skywe.
 - d. Vuurpunte skoon en obstruksie vry.
8. As daar enige probleme is wat die veiligheid van deelnemers of toeskouers kan beïnvloed, mag die baan nie gebruik word nie.
9. Baan kan oop verklaar word as daar geen probleme rondom veiligheid is nie.

INLIGTING

10. Voor die aanvang vandie skiet aktiwiteit, moet die Baanoffisier die deelnemers en besoekers inlig oor die volgende aspekte :

- a. Gevaarstrook.
- b. Veiligheidsmaatreëls (Vervat in Hoofstuk 3).
- c. Volgorde van gebeure (Skietprogram).

SKIETGAT ROOI VLAG

11. 'n Rooi vlag sal in die skietgat vertoon word om aan die vuurpunt aan te dui dat dit nie veilig is nie.
12. Slegs die Baanoffisier sal die opdrag gee dat die vlag gesak of opgestoot moet word.
13. Die prosedure rondom die gebruik van die rooi vlag word in Hoofstuk 3 vervat.
14. Die enigste ander geval waar die rooi vlag nie in opdrag van die Baanoffisier opgestoot mag word, is wanneer die skietgat offisier kommunikasie met die Baanoffisier verloor het (bespreek onder Kommunikasie).

KOMMUNIKASIE

15. Daar is twee tipes kommunikasie op die baan, nl. vuurpunt na skietgat en Baanoffisier na vuurpunt.
 - a. Die Baanoffisier moet homself vergewis dat kommunikasie tussen die vuurpunt en die skietgat voldoende is en dat na goeie denke daar 'n plan B in plek is as Kommunikasie wel verbreek word.
 - b. Die kommunikasie tussen die Baanoffisier en die vuurpunt moet duidelik wees sodat enige bevel wat die Baanoffisier gee, gehoor kan word deur alle deelnemers.

Nota : Daar word voorgestel dat megafone gebruik word.

KOMMUNIKASIE BREUK

16. Die prosedures tydens 'n kommunikasie breuk, is as volg :
 - a. Vuurpunt na skietgat. Die Baanoffisier moet kommunikasie herstel deur 'n afgevaardigde namens hom na die skietgat te stuur. Gedurende die aksie moet die skiet aktiwiteit tydelik gestaak word en vuurwapens veilig verklaar word.
 - b. Skietgat na vuurpunt. As die Skietgat offisier kommunikasie verloor met die vuurpunt, moet die skywe halfmas getrek word en die rooi vlag opgestoot word.

Die Baanoffisier sal dan soos vervat in vorige prosedure, die kommunikasie herstel.

BOODSKAP PROSEDURE

17. Kommunikasie tussen vuurpunt en skietgat moet duidelik en ondubbelsinnig wees en dus word voorgestel dat die boodskappe soos vervat in die SABU Reëlboek, gebruik word tydens skiet aktiwiteite.

STAAK VUUR

18. Die bevel "STAAK VUUR" deur die Baanoffisier sal onder die volgende omstandighede uitgevaardig word :

- a. Infiltrasie van die gevaarstrook.
- b. Kommunikasiebreek.
- c. Enige ander rede wat die veiligheid van deelnemers, merkers of baan personeel kan beïnvloed, nl. :
 - (1) Skywe wat breek,
 - (2) Skyframe wat breek,
 - (3) Ammunisie probleme,
 - (4) Merkers wat staak.

TOEGANG TOT VUURPUNT

19. Slegs die volgende persone het toegang tot die vuurpunt tydens 'n spesifieke wedstryd, nl. :
 - a. Skuts.
 - b. Afrigters (Span skiet).
 - c. Tellinghouers (Span skiet en "string shooting").
 - d. Span beamptes.
 - e. Baanoffisier en hulp Baanoffisier/veiligheidstoeshouers.
20. Alle ander skuts wat wag om deel te neem en toeskouers sal tien (10) meter agter die vuurpunt stelling inneem.
21. Voertuie van baanpersoneel sal vyf en twintig (25) meter agter die vuurpunt parkeer word.
22. Deelnemers en toeskouers se voertuie sal vyftig (50) meter agter die vuurpunt parkeer word in lyn met die wind vlae.
23. Slegs skuts met mediese redes en met die toestemming van die Baanoffisier sal nader as vyftig (50) meter parkeer.

SKIETGAT PROSEDURE

24. Beheer. Die Baanoffisier beheer die skietgat deur middel van 'n bevoegde skietgat offisier.
25. Die skietgat offisier is aan die Baanoffisier verantwoordelik vir die veiligheid in die skietgat. Veiligheidsmaatreëls soos vervat in die Baan Staande Orders is van toepassing.
26. Die skietgat offisier moet nie betrokke wees by die merk van 'n skyf nie en moet vry wees om sy taak te kan verrig.
27. Die skietgat offisier moet vertrouwd wees met die "Rooi vlag"-prosedures.

BAAN SLUITING

28. Na afloop van die dag se skiet aktiwiteite moet die Baanoffisier verseker dat die baan skoon en netjies is.
29. Baanoffisiere om aan baan opsigter en/of beheer personeel terug te rapporteer.

HOOFSTUK 3 : VUURWAPEN VEILIGHEIDSPROSEDURES

ALGEMENE VEILIGHEID

INLEIDING

1. Skietongelukke en ander wapen- en ammunisie-ongelukke as gevolg van nalatigheid, onverskilligheid of die nie-nakoming van veiligheidsmaatreëls lei tot personeelverliese en dikwels tot lewensverlies. Hierdie situasie is absoluut onaanvaarbaar en is teenproduktief.
2. Die beeld van Bisley in Suid Afrika het 'n goeie rekord en skietongelukke kan onherstelbare skade aandie sport bereken. Skietongelukke is nie net onaanvaarbaar nie, maar alle pogings en metodes moet met ywer ingespan word om 'n veilige skietkompetisie en omgewing te skep.
3. Die veiligheidsinstruksies, -prosedures, -maatreëls en -drills word in SALO GS 3/77 : Vol VII uiteengesit. Hierdie dokument dien as voorskrif tydens opleiding, oefening en kompetisies.

OP VUURPUNT

4. **Geen skietuitrusting** op die vuurpunt voordat die bevel “Maak gereed” gegee is nie.
5. Daar mag nie aangelê of droëskoot geskiet word met die geweer voordat die bevel “Baan veilig” gegee is nie.
6. Wapens mag slegs gelaai word wanneer die bevel “Baan veilig” gegee is deur die hoof Baanoffisier.
7. Baanoffisiere moet konsentreer op die aktiwiteite op die vuurpunt.
8. Tydens enige skietoefening moet u op die vuurpunt oorbeskermers dra.

AGTER VUURPUNT

9. Die grendel van die geweer is altyd uit die geweer wanneer nie op die vuurpunt is nie (Reël 21.1). Dit is die verantwoordelikheid van die skut se merker om toe te sien dat die skut sy grendel verwyder uit die geweer wanneer die skietpunt verlaat word.
10. Skuts wat nie op die vuurpunt is of as merkers optree in die geval van stringskit, moet tien (10) meter agter die vuurpunt bly totdat dit sy beurt is om die vuurpunt te betree.
11. Alle voertuie moet agter die denkbeeldige lyn, soos aangedui deur die hoof Baanoffisier parkeer word (normaalweg vyftig meter) behalwe vir die volgende gevalle :
 - a. Beheer voertuie
 - b. Sein voertuie
 - c. Waar mediese sertifikate ingedien is.

INSIDENTE

12. 'n Insident is 'n ongewenste gebeurtenis wat moontlik of gewoonlik op 'n verlies kan uitloop. Die volgende word as ongewenste gebeurtenisse beskou :
 - a. Nalatige afvuur van wapens.

- b. Ongemagtigde veranderinge aan wapens.
- c. Nalaat om wapen veilig te maak na die skiet voltooi is.
- d. Nalaat van die merker op te verseker dat die wapens van die skut waarvoor hy as merker optree, veilig te laat verklaar.
- e. Die beperkings van herlaai van ammunisie verontagsaam.
- f. Nie die wapen waarmee hy skiet laat proef nie.
- g. Nie die voorgeskrewe prosedures volg by enige weiering van ammunisie of die wapen nie.

UITVOERING

13. Algemene skets. Veiligheid moet vir alle oefeninge, opleiding en kompetisies beplan en uitgevoer word.
 - a. Veiligheid is die verantwoordelikheid van die klub se bestuur en is aanspreeklik vir veiligheid.
 - b. Veiligheid moet as 'n verpligte faktor in alle oefeninge, opleiding en kompetisies oorweeg word.
 - c. Veiligheidsplanne moet skriftelik oorgedra word om alle verwarring uit die weg te ruim.
 - d. Veiligheid moet op die hoogste vlak gekoördineer word.
14. Kennis en vaardighede. Die veiligheidsmaatreëls, instruksie prosedures en drils in hierdie dokument uiteengesit, is gebaseer op die uitgangspunt dat alle uitvoerders daarvan :
 - a. Op die spesifieke vlak en stelsel waar uitvoering geskied, opgelei is.
 - b. Voorgeskrewe doktrines en drils toepas.
 - c. Oor die nodige ondervinding om wapens en ammunisie te hanteer en aan te wend, beskik.
15. Evaluasie en kontrole. Baankomitees moet deurlopend veiligheid evalueer en die korrekte toepassing daarvan kontroleer.
 - a. Onmiddellike regstellings van enige situasie wat nie aan veiligheidsnorme en standaarde voldoen nie, is verpligtend.
 - b. Kontrole vereis die persoonlike betrokkenheid van die baankomitee.
16. Veiligheidsmaatreëls : Instruksie, Prosedure en Dril. Veiligheidsinstruksies vervat in SALO GS 3/77 : Vol VII Pamflet 2, moet in ag geneem word tydens algemene veiligheidsbeplanning, opleiding en uitvoering van skietoefeninge en optrede tydens insidente op skietbane. In die opstel van hierdie dokument is bg skrywe as basis gebruik.
17. Die bepalings van hierdie SALO is wettig afdwingbaar op alle lede van die SANSV vir kompetisies en oefeninge wat op SANW beheerde bane geskiet word.
18. Hierdie dokument behelsdie veiligheidsvoorskrifte tydens Bisley aktiwiteite. Dit is hoofsaaklik gemik op die verantwoordelikhedevandie Baanoffisier, baan komitee, opleidings-personeel en lede wat tydens alle fases van opleiding en kompetisies betrokke is.

ALGEMENE VERANTWOORDELIKHEDE VAN BAANOFFISIER

19. Veiligheid is 'n bevel- en Baanoffisiersfunksie (beheerfunksie). Baanoffisier op alle vlakke is verantwoordelik vir die deurlopende handhawing van veiligheid tydens opleiding en kompetisies soos in hierdie dokument voorgeskryf.
20. Mondelinge Order. Die Baanoffisier moet duidelike mondelinge orders in verband met die besonderhede van die oefening/kompetisie, die veiligheidsprosedures en die baan veilig verklaar voordat die skiet kan begin. Optredes tydens weierings moet ook in die orders vervat word.
21. Tydens die skietoefening/kompetisie.
 - a. Wapens mag slegs gevuur word indien die baan deur die Baanoffisier veilig verklaar is en die bevel om te vuur gegee is.
 - b. Wapens mag slegs na die teikens en die koeëlvanger gevuur word.
22. Tydens 'n onderbreking in die skiet. Indien 'n skiet onderbreek word om een of ander rede deur 'n bevel van die hoof Baanoffisier, moet die skut :
 - a. Die wapen uit sy skouer haal.
 - b. Die grendel oopmaak.
 - c. Die ammunisie uit die wapen haal.
 - d. Sy wapen veilig verklaar aan sy merker.
 - e. Die wapen na die kloeëlvanger gerig hou.
23. Optrede tydens weierings. Wanneer 'n "hangfire" voorkom moet die prosedure soos voorgeskryf uitgevoer word.
24. Hantering van Ammunisie.
 - a. Ammunisie wat uitgereik word moet op 'n sentrale punt agter die skietpunt gestapel word.
 - b. Slegs die aangestelde persoon in beheer en sy assistent reik die ammunisie uit.
 - c. Ammunisie moet deeglik nagegaan word vir enige defekte en beperkings ten opsigte van lotnommers moet voor die uitreiking aan lede gekontroleer word.
 - d. Geen persoon mag nader as tien (10) meter van die ammunisiepunt rook nie.
25. Hand gelaaide ammunisie. Met die tydperk wat Suid Afrika ingegaan het deur hand gelaaide ammunisie te gebruik, hang die verantwoordelikheid vir die veiligheid tov ammunisie af van :
 - a. Die kwaliteit en toestand van die doppies.
 - b. Die perke van die ladings.
 - c. Die kwaliteit van die Primers.
 - d. Die nougesetheid van die skut en die akkuraatheid waarmee die ammunisie gelaai is.

PROSEDURE

INDIVIDUELE KOMPETISIËS

26. Die prosedure tydens individuele kompetisies soos vervat in Reël 23 van SABU, word kortliks opgesom :
- a. Geen toerusting word op die vuurpunt uitgepak voor die Baanoffisier die bevel “MAAK GEREED/PREPARE” gee nie.
 - b. Na bevel van Baanoffisier mag skuts vorentoe beweeg en gereed maak. Skywe is halfmas en rooi vlag is op.
 - c. As skuts op die vuurpunt klaar tellingkaart uitgeruil het en toerusting uitgepak het, sal die Baanoffisier die rooi vlag laat sak en die bevel “BAAN IS VEILIG, AS DIE SKYWE VERSKYN MAG U AANGAAN/RANGE IS SAFE, WHEN TARGETS APPEAR YOU MAY CONTINUE” gee.
 - d. Voordat die bevel nie gegee is nie, mag geen skut aanlê na die teiken om gate te kies vir sy visier of om droë skote te vuur.
 - e. Na voltooiing van wedstryd is dit die tellinghouer van elke skut wat namens die Baanoffisier moet bevestig dat die wapens veilig is.
 - f. Die tellinghouer moet fisiese bevestiging doen om nie net die woord van die skut te neem nie.

Nota : Die voorstel van die Reëls komitee is dat die slot van die geweer slegs toegemaak word as die geweer horisontaal is en na die skywe wys wat veiligheid sal bevorder.

SPANKOMPETISIËS

27. Die prosedure is in beginsel dieselfde as vir individuele kompetisies wat die eerste skut van elke span betref.
28. Alle tweede en daaropvolgende skuts wat regmaak om te skiet kan uitpak, gereed maak, aanlê en droë skote vuur.
29. Dit is egter die afrigter se verantwoordelikheid om saam met die tellinghouer die veiligheidsreëls na te kom.
30. Die wisseling van skuts moet ordelik en veilig wees sodat mede skuts nie benadeel word nie.

“STRING SHOOTING”

31. Dieselfde beginsels geld tydens die eerste skut van die string tydens aanvangs van wedstryd.
32. Die toegedeelde tellinghouer is verantwoordelik vir die veiligheid van die skut se wapen.

PROSEDURE WAT GEVOLG MOET WORD WANNEER WEIERINGS VOORKOM

33. Die rede waarom hierdie prosedure nagekom moet word, is omdat ‘n “misfire” ‘n “hangfire” kan word. ‘n “Hangfire” is ‘n “misfire” wat na ‘n verloop van tyd ontbrand of afgaan. Hierdie vertraging kan ‘n oomblik of verskeie sekondes wees nadat die slagpen die slagdoppie getref het. Indien die skut nalaat om behoorlike veiligheidsprosedures na te volg, kan daar tragiese nagevolge wees.

34. Dus, al is die prosedures omslagtig en versteurend vir die skuts gedurende 'n oefening of kompetisie, moet dit nagekom word in belang van veiligheid van die skut self, mede skuts teenwoordig, sowel as ander persone binne of buite die grense van die betrokke skietbaan.

BESKRYWING VAN “MISFIRES” EN “HANGFIRES”

35. Vir die doel van hierdie prosedure is 'n “misfire” enige gebeurlikheid wanneer **‘n skut sy geweer gelaai het (of gedink het hy het hom gelaai), die sneller ordentelik getrek het, maar die skoot het nie afgegaan nie.**

VOLGORDE VAN GEBEUR IN ALBEI GEVALLE

36. Die skut moet onmiddelik sy tellinghouer in kennis stel, wat op sy beurt die Baanoffisier in kennis stel. **NIEMAND MAG DIE SLOT VAN DIE GEWEER HANTEER NIE.**
37. Die Baanoffisier verwyder alle personeel en skuts agter die skut op die vuurpunt en waarsku alle skuts aan die linker- en regterkant van die skyf.
38. Intussen moet die **betrokke skut** sy geweer na die teiken toe hou vir 'n periode van 60 sekondes. Die skut moet sy liggaam so posisioneer sodat dit buite die trajek van die grendel is indien die rondte afgaan en die grendel na agter skiet.
39. Na 60 sekondes mag die geweer versigtig op die skitpunt geplaas word met die loop wat nog steeds na die teikens toe wys. Die geweer moet gedraai word sodat die laaipoort na 'n skietsak of kas wys langs hom.
40. Nou eers mag aan die grendel geraak word, maar steeds moet die vingers, hand en enige deel van die liggaam buite die trajek van die grendel wees.
- Eerstens moet die grendel hard afgeslaan word.
 - As die skoot nie afgaan nie, moet die grendel met die vingers oopgemaak word met die vingers voor die grendel.
41. Indien die rondte uitkom, moet dit in 'n handdoek toegedraai word en van die vuurpunt verwyder word deur die Baanoffisier, waarna dit geïnspekteer sal word en tot niet gemaak word deur 'n bevoegde persoon.
42. *Van die oomblik wat die skut die tellinghouer in kennis gestel het van die “misfire”, word die skoot nietig verklaar.*
43. Die skut kan nou sy posisie inneem en aangaan met die oefening/kompetisie. Indien die skut met uitgereikte ammunisie skiet, moet die Baanoffisier die rondte vervang waarmee hy aangaan. **Hy mag nie sy posisie in die twee/driemanskap verander nie.**
44. Indien die probleem homself herhaal in dieselfde kompetisie, moet die skut na al die drils afgehandel is, terugstaan en sy oorblywende rondtes skiet nadat die ander op die skyf klaar geskiet het op die betrokke afstand.
45. Hy mag nie nie proefskote kry wanneer hy die res van sy rondtes skiet nie, in gevolge reëls 22.1.2, 22.1.3, 23.15, 23.16 en 23.17. Na die kompetisie mag die Tegniese komitee die ammunisie (indien handgelaai gebruik is) en die geweer ondersoek om die moontlike defekte te bepaal.
46. Skuts word ook verwys na reël 21.3.